**Dinsdag 10 Oktober**
**Skrifgedeelte: Kolossense 3:25 – 4:1 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:25 – 4:1**
**Ons almal staan onder die gesag van die Here**

In Kolossense 3:22 – 4:1 sien ons hoe die Bybel te werk gaan met onregverdige arbeidspraktyke: die struktuur word nie summier omvergewerp nie, rewolusie en opstand word nie as instrument vir verandering gebruik nie. Maar die gesindheid in die harte van die mense wat betrokke is; daaraan moet gewerk word – net daaraan!

Daarom sê Paulus aan die slawe: "Doen julle werk, maar moenie net werk om raakgesien te word deur julle werkgewers nie, maar werk met 'n opregte hart." Daarna praat Paulus met die slawe-eienaars: "Behandel julle slawe reg en billik." Wat moet ons hier raaksien? In 'n onregverdige slawestruktuur praat Paulus met slaaf sowel as met die baas, en hy plaas hulle op dieselfde vlak en hy sê aan albei: Julle gesindheid moet regkom! Paulus wys albei partye dat daar 'n hoër gesag is:

- Aan die slawe: Doen alles vir die Here en nie vir mense nie. Julle staan in diens van Christus.
- Aan die eienaars: Die Here trek niemand voor nie. Julle staan onder die Here in die hemel.

As werkgewers moet ons onthou dat die Here ons baas is. Ek kan nie met my werknemers werk soos ek wil nie, maar ek moet hulle behandel soos die Here van my eis: reg en billik.

*Sing: Psalm 93-1:1-4*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*